# 22. Paulus kan nou nie anders as om met mense oor Jesus te praat nie

Voortsetting van Jesus se bediening 4

**Bybelgedeelte**: Handelinge 9-28 (met klem op 20:7-11)
**Kerngedagte**: 'n Kind van die Here kan nie anders as om met mense oor Jesus te praat nie.
**Kernvers**: 2 Korintiërs 5:14 'Die liefde van Christus dryf ons ...'



Die kleingroepleier moet die kind met die lees en andersins help.

Nommer die sinne van 1 tot 6 om die storie in die regte volgorde te plaas.

[ ] Paulus kon nie ophou om oor Jesus te praat nadat hy 'n kind van die Here geword het nie.

[ ] Eutigus het by die venster uitgeval omdat Paulus so lank gepraat en hy vaak geword het.

[ ] Eutigus het op die vensterbank gesit omdat so baie mense na Paulus wou luister.

[ ] Paulus het in 'n dorp oor Jesus tot middernag gepraat.

[ ] Daarna het Paulus weer oor Jesus gepraat totdat die son opgekom het.

[ ] Paulus het vir Eutigus gebid en hy het weer lewendig geword.

Kleur die prent in van Eutigus wat uit die vensterbank val terwyl Paulus so lank oor Jesus praat.

Wat dink jy wil die Here vandag vir jou in die Bybelstorie leer?



Wys jou boek vir jou pappa/ voogde en vertel vir hulle wat dit sê.
Bring volgende keer jou Bybel en skryfding saam.

# 22. Paulus kan nou nie anders as om met mense oor Jesus te praat nie

Voortsetting van Jesus se bediening 4

**Bybelgedeelte**: Handelinge 9-28 (met klem op 20:7-11)
**Kerngedagte**: 'n Kind van die Here kan nie anders as om met mense oor Jesus te praat nie.
**Kernvers**: 2 Korintiërs 5:14 'Die liefde van Christus dryf ons ...'



Die kleingroepleier moet die kind met die lees en andersins help waar nodig.

Omkring die 😊-gesiggie as die sin waar is en die ☹️-gesiggie as dit onwaar is.

🙂 ☹️ Paulus het eers die kinders van die Here in die tronk gegooi.

🙂 ☹️ Paulus het 'n kind van die Here geword.

🙂 ☹️ Paulus kon daarna nie anders as om met mense oor Jesus te praat nie.

🙂 ☹️ Paulus het net na ander lande toe geloop om oor Jesus te praat.

🙂 ☹️ Eutigus het in die vensterbank gesit omdat hy so warm gekry het.

🙂 ☹️ Eutigus het by die vensterbank uitgeval omdat hy gegly het.

🙂 ☹️ Paulus het opgehou preek nadat Eutigus by die venster uitgeval het.

Kleur die prent in van Eutigus wat uit die vensterbank val terwyl Paulus so lank oor Jesus praat.

Wat het jy alles uit vandag se Bybelstorie geleer?



Wys jou boek vir jou ouers/ voogde en vertel vir hulle wat dit sê.
Bring volgende keer jou Bybel en skryfding saam.

# 22. Paulus kan nou nie anders as om met mense oor Jesus te praat nie

Voortsetting van Jesus se bediening 4

**Bybelgedeelte**: Handelinge 9-28 (met klem op 20:7-11)
**Kerngedagte**: 'n Kind van die Here kan nie anders as om met mense oor Jesus te praat nie.
**Kernvers**: 2 Korintiërs 5:14 'Die liefde van Christus dryf ons ...'

Nommer die sinne van 1 tot 6 om die storie in die regte volgorde te plaas.

[ ] Toe Paulus 'n kind van die Here geword het, het hy ook nuut en mooi geword.
[ ] Paulus het selfs vier keer met 'n skip na ander lande toe gegaan om oor Jesus te praat.
[ ] Paulus kon nou nie ophou om oor Jesus te praat nie.
[ ] Paulus was eers 'n vyand van Jesus wat die Here se kinders in die tronk gegooi het.
[ ] Paulus was so opgewonde om oor Jesus te praat, dat Hy eenkeer tot middernag gepraat, Eutigus vaak geword en hy uit die venster uit geval het.
[ ] Die Jode kon nie glo dat Paulus nou 'n vriend van Jesus geword het nie.

Kleur nou die prent hieronder in waar Eutigus uit die venster val.

Vul die woorde in wat in 2 Korintiërs 5:14 weggelaat is.

"Die ____________ van Christus ________ ons. ..." (Kyk bo vir die woorde.)

Hoe verduidelik hierdie vers hoekom Paulus nie kon ophou om oor Jesus te praat nie?

Wat het jy alles uit vandag se Bybelstorie geleer?

Wys jou boek vir jou ouers/ voogde en vertel vir hulle wat dit sê.
Bring volgende keer jou Bybel en skryfding saam.

